OGGEND-BYBELSTUDIE

"GEBED"

STUDIESTUK 5

"SOOS JESUS ONS LEER BID HET . . ."

<u>Vooraf opmerkings</u>:

Coenie Burger maak by geleentheid die volgende opmerkings, (wat ek graag met jou deel):

- ✓ Christene kan nie oor gebed praat sonder om te begin by die gebed wat Jesus sy dissipels geleer, en daarmee vir ons as kerk gegee het nie.
- ✓ Die Ons Vader-gebed is kort maar dit is 'n gebed waarin daar veel meer sit as wat 'n mens aanvanklik dink.
- ✓ Wat Jesus se gebed so wonderlik maak is dat dit vir ons 'n raamwerk gee vir ons eie gebede.
- ✓ Jesus se gebed help ons om reg te bid.
- ✓ Die Ons Vader-gebed leer ons om God, Sy plan en Sy wil vir ons lewe, op 'n nuwe manier te verstaan.
- ✓ Die modelgebed leer ons hoe ons moet lewe wanneer ons opstaan van ons knieë af.

HOE JY BID, HOE JY GLO EN HOE JY LEWE STAAN
ALLES IN DIREKTE VERBAND MET MEKAAR.
SOOS MENSE BID SO GLO EN LEWE HULLE OOK.

<u>Ek deel graag ook die volgende met jou</u>:

Hoe lyk die struktuur van die Ons Vader?

Drie dele
- Aanhef
- Drie U-bedes
- Drie ons-bedes

Samevattende opmerkings:

Tertullianus, die kerkvader, het eeue gelede gesê:

> "Die Ons Vader-gebed is 'n bondige samevatting van die ganse evangelie."

As jy dus hierdie gebed in diepte verstaan, verstaan jy die hele evangelie!

VIR JOU VOORBEREIDING:

- Dink biddend na oor die gelykenis in Lukas 18:1-8 opgeskryf en maak nota's van wat die Here in die verse vir jou wil sê: